

Skrifgedeelte: Psalm 93

Fokusgedeelte: Psalm 93:5 (AFR53)

Die betroubare woorde van ons hemelse Koning

In 'n wêreld vol van vraagtekens is daar heelwat dinge waarop gelowiges met uitroepetekens mag en moet antwoord. Een saak wat die wêreld al meer bevraagteken, is die koningskap van God. “Is God regtig koning?” Daarteenoor antwoord ons met 'n uitroepteken: “Die HERE is Koning!” Dit is hierdie feit waarmee Psalm 93 begin. Nie “die HERE word Koning” of “die HERE was Koning” nie. Hy *is*!

Uit hierdie heerlike feit van God se koningskap vloeï vastigheid vir die lewens van sy kinders. Omdat die HERE Koning is, “*staan die wêreld vas, sodat dit nie wankel nie*” (vs 1b). Vanuit die geloof hoef ons nie te vrees dat daar iets kan gebeur wat die voleinding van die wêreld met Christus se wederkoms sal ontspoor nie. Geen ramp of oorlog, geen pandemie of katastrofe nie.

Saam met die wêreld wat vasstaan, staan ook God se troon vas (vs 2). Die mensdom kan soos bruisende riviere teen God se troon probeer stamp en stoot – aan sy koningskap verander egter niks nie. Hy bly Koning, vir ons ten goede.

Daar is 'n derde saak wat vanuit God se koningskap vasstaan. Nie net is die wêreld en God se troon stewig gegrond nie. Ook sy “*getuïenisse is baie betroubaar*” (vs 5). Dit pas by 'n Koning om vanaf sy troon sekere uitsprake te maak. Die uitsprake wat van God se troon af kom, is uiters betroubaar. Daar is geen vraagtekens agter dit wat Hy sê nie.

God se getuïenisse gaan oor beide sy beloftes en bevele. Wat Hy belowe, word voltrek. Daar is geen belofte van ons hemelse Koning wat onvervuld bly nie. Ook wat Hy beveel, handhaaf Hy. Daarom eindig die Psalm deur te sê dat heiligheid by die huis van die HERE pas. As geheiligde burgers van sy koninkryk behoort ons na sy bevele te luister, juis omdat dit baie betroubaar is.

Met 'n uitroepteken mag ons eenvoudig beaam wat Psalm 93 besing. Die HERE se koningskap, en die vastigheid wat dit vir ons bied, is rede tot uitermate lof!

Sing: Psalm 93-1:1-4
Ds. MD (Dirk) Meijer (Bloemburg)